SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2021

# REKENINGKUNDE V1
# FINANSIËLE VERSLAGDOENING EN EVALUERING
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, insluitend ŉ formuleblad, en ŉ 10-bladsy-antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin AL die vrae beantwoord moet word.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Begrippe, Ontleding van transaksies en Ouditverslag | 25 | 20 |
| 2 | Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) en Notas | 55 | 45 |
| 3 | Kontantvloeistaat, Finansiële aanwysers en vertolking | 50 | 40 |
| 4 | Ontleding en vertolking van twee maatskappye | 20 | 15 |
| | **TOTAAL** | **150** | **120** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: BEGRIPPE, ONTLEDING VAN TRANSAKSIES EN OUDITVERSLAG

**(25 punte; 20 minute)**

### 1.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die (aandeelhouers / direkteure) is verantwoordelik vir die bestuursverpligtinge van die maatskappy.

1.1.2 Die bestuur van die maatskappy stel die (eksterne / interne) ouditeur aan.

1.1.3 (Binne-handel / witboordjiemisdaad) is die gebruik van vertroulike inligting deur iemand in die maatskappy om voordeel te trek bo ander.

(3 x 1) (3)

### 1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

**GEVRA:**

Voltooi die tabel wat voorsien word om die rekening wat gedebiteer en gekrediteer moet word, asook die effek op die rekeningkundige vergelyking vir elke transaksie, aan te dui:

**Nota:**
Aaanvaar dat die banksaldo gunstig is.

**TRANSAKSIES:**

1.2.1 Die inkomstebelasting vir die jaar word op R330 000 bereken.

1.2.2 R120 000 is betaal vir die terugkoop van aandele. Dit is R15 000 meer as die waarde van die aandele in die boeke van die maatskappy. (11)

1.3 **OUDITVERSLAG VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2019**

Die finansiële state van Zenko Bpk. is geoudit. Jy word voorsien van uittreksels uit die ouditverslag.

**UITTREKSELS UIT DIE OUDITVERSLAG:**

**Verantwoordelikheid van onafhanklike ouditeure**
Ons het die finansiële jaarstate van Zenko Bpk., wat op bladsy 25 tot 52 uiteengesit is, vir die jaar geëindig 31 Desember 2019, geoudit. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die direkteure van die maatskappy. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

**Grondslag vir … mening**
'n Skenking van R250 000 in die Inkomstestaat kon nie geverifieer word nie, aangesien daar geen dokumentasie vir hierdie uitgawe bestaan het nie. Die besturende direkteur beweer dit was 'n bydrae tot 'n uitreikprogram in die plaaslike gemeenskap.

**… oudit mening**
Na ons mening, behalwe die uitgawes vir donasies in die inkomstestaat wat nie geverifieer kon word nie, verteenwoordig die finansiële state die finansiële posisie van die onderneming op 31 Desember 2019.

**GEVRA:**

1.3.1 Verduidelik waarom die ouditeure dit nodig gevind het om die bladsynommers in die verslag aan te dui. (2)

1.3.2 Watter tipe verslag het Zenko Bpk. van die onafhanklike ouditeure ontvang? Verduidelik jou antwoord. (3)

1.3.3 Noem TWEE moontlike gevolge vir die onafhanklike ouditeur as hy NIE die skenking in sy verslag genoem het NIE. (2)

1.3.4 Verduidelik waarom die maatskappy bydraes sal lewer tot uitreikprogramme in die plaaslike gemeenskap. Noem TWEE punte. (4)

**25**

## VRAAG 2: BALANSSTAAT (STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE) EN NOTAS
**(55 punte; 45 minute)**

**MAKIZOLE BEPERK**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020.

**GEVRA:**

2.1 Voltooi die volgende notas vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020.

(a) Gewone aandelekapitaal (8)

(b) Behoue inkomste (12)

2.2 Voltooi die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 29 February 2020.
Waar notas nie verlang word nie, toon ALLE bewerkings. (35)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel van die boeke op 29 Februarie 2020:**

| **Balansstaat rekeninge-afdeling** | **R** |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | 4 500 000 |
| Behoue inkomste | 745 000 |
| Vaste bates teen drawaarde (balanserende syfer) | ? |
| Handelsvoorraad (sien inligting D) | ? |
| Debiteurekontrole | 473 000 |
| Voorsiening vir oninbare-skulde | 18 500 |
| Bank (gunstig) | 429 500 |
| Deposito vir water en elektrisiteit | 2 640 |
| Vaste deposito: Shallow Bank (6% p.a.) | 715 000 |
| Krediteurekontrole | 727 760 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 405 500 |
| **Nominale rekeninge-afdeling** | |
| Verbruiksgoedere | 125 250 |
| Rente op vaste deposito | 35 750 |
| Direkteursfooie | 552 000 |
| Dividende op gewone aandele | 390 000 |

**B. Aandelekapitaal:**

- Die maatskappy is gemagtig om 1 400 000 aandele te verkoop.
- 650 000 aandele is op 1 Maart 2019 uitgereik.
- 250 000 nuwe aandele is op 1 September 2019 uitgereik. Die bedrag van R1 300 000 is ontvang en is behoorlik aangeteken.
- 100 000 aandele is op 5 Februarie 2020 van ’n ontevrede aandeelhouer vir 30c bo die gemiddelde aandeelprys teruggekoop. Hierdie transaksie is nie aangeteken nie. Die aandeelhouer kwalifiseer nie vir finale dividende nie.

**C. Dividende:**

- ʼn Tussentydse dividend is op 20 Augustus 2019 betaal.
- Die direkteure het op 29 Februarie 2020 ʼn finale dividend van 40c per aandeel verklaar.

**D. Voorraadrekords:**

Die eerste-in-eerste-uit metode om voorraad te waardeer word gebruik.

| | **Aantal eenhede** | **Prys per eenheid** | **Totaal (R)** |
|---|---|---|---|
| **Voorraadsaldo's:** | | | |
| 1 Maart 2019 | 1 000 | 250 | 250 000 |
| 29 Februarie 2020 | 1 250 | | ? |
| **Aankope:** | 10 500 | | 3 380 000 |
| April 2019 | 5 000 | R300 | 1 500 000 |
| Julie 2019 | 4 000 | R350 | 1 400 000 |
| Januarie 2020 | 1 200 | R400 | 480 000 |
| **Terugsendings:** 50 eenhede van die bestelling wat in Januarie 2020 ontvang is. | | | |

**E. Die volgende aansuiwerings is nie in ag geneem nie:**

- Verbruiksgoedere gedurende die jaar gebruik beloop R109 950.
- Rente op vaste deposito nog uitstaande, R7 150.
- Die drie direkteure verdien dieselfde maandelikse fooie. Die derde direkteur is op 1 Januarie 2020 aangestel en is nog nie betaal nie.

**F.** 75% van die vaste deposito verval op 31 Maart 2020.

**G.** Nadat die werklike belasting op die aangesuiwerde netto wins vir die jaar bereken is, is daar gevind dat die voorlopige belasting wat betaal is, R35 500 minder was as die werklike belasting.

**H.** Inkomstebelasting word bereken op 30% van die netto wins.

**I.** Na die verwerking van alle aansuiwerings is die skuldekwiteit verhouding 0,1 : 1

**55**

## VRAAG 3: KONTANTVLOEISTAAT, FINANSIËLE AANWYSERS EN VERTOLKING (50 punte; 40 minute)

3.1 Kies die korrekte term om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| | |
|---|---|
| A | Bedryfskapitaal |
| B | Invloei van kontant |
| C | Waardevermindering |
| D | Uitvloei van kontant |

3.1.1 ... word as 'n nie-kontantitem beskou.

3.1.2 ʼn Afname in handelsvoorraad dui op ʼn…

3.1.3 Bedryfsbates minus bedryfslaste word ... genoem. (3 x 1) (3)

3.2 **CACADU BPK.**

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van CACADU Bpk. verkry. Die finansiële jaar het op 30 Junie 2019 geëindig.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:

- Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal (6)
- Inkomstebelasting betaal (5)
- Dividende betaal (4)

3.2.2 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat:

- Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite (7)
- Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite (4)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (2)

3.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 Junie 2019:

- % Bedryfsuitgawes op verkope (4)
- % Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (5)

3.2.4 Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers en neigings aan wat ʻn bekommernis vir die likiditeit van die maatskappy moet wees. (4)

3.2.5 Lewer kommentaar op die graad van finansiële risiko en hefboomfinansiering van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers en neigings aan om jou antwoord te staaf. (6)

Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING:**

**A. Inligting verkry uit die Inkomstestaat op 30 Junie 2019:**

| | |
|---|---|
| Verkope | 7 920 000 |
| Bruto bedryfsinkomste | 3 070 220 |
| Bedryfswins | 1 753 420 |
| Waardevermindering | 578 050 |
| Rente op lening | ? |
| Netto wins voor belasting | 1 650 000 |
| Netto wins na belasting | 1 188 000 |

**B. Inligting verkry uit die Balansstaat op 30 Junie:**

| | 2019 | 2018 |
|---|---|---|
| Vaste bates (teen drawaarde) | 4 895 000 | 2 582 800 |
| Aandeelhoursbelang | 6 708 900 | 3 945 700 |
| Gewone aandelekapitaal | 6 344 800 | 3 465 000 |
| Behoue inkomste | 364 100 | 480 700 |
| Vaste deposito: Bruce Bank | 100 000 | 100 000 |
| Bank | 241 250 Dt | ? |
| Lening: V&R Bank | ? | ? |
| SAID: Inkomstebelasting | 16 400 Dt | 11 500 Dt |
| Aandeelhouers vir dividende | 810 000 | 77 000 |

**C. Gewone aandele:**

- Aandele is op 1 Maart 2019 uit die insolvente boedel van ŉ aandeelhouer teruggekoop. ŉ Tjek vir R117 000 is uitgereik, wat R12 000 meer is as die gemiddelde prys.
- R2 984 800 is op 30 Junie 2019 van nuwe aandeelhouers ontvang en hul name is in die aandeelhoursregister opgeneem.

**D. Gewone dividende:**
Die totale dividend vir die jaar het R1 255 000 beloop.

**E.** Vaste bates is teen drawaarde, R900 250, verkoop.

**F. Die leningstaat wat op 30 Junie 2019 van V&R Bank ontvang is, het die volgende weerspieël:**

| | R |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die finansiële jaar | 789 140 |
| Terugbetalings gedurende die jaar (rente ingesluit) | 231 670 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Saldo aan die einde van die finansiële jaar | 670 890 |

**G. Ander finansiële inligting en aanwysers vir die afgelope twee jaar:**

| | **2019** | **2018** |
|---|---|---|
| Bedryfskapitaalverhouding | 2,1 : 1 | 1,8 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,1 : 1 | 1,2 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | 4 keer | 7 keer |
| Debiteure-invorderingsperiode | 40 dae | 30 dae |
| Krediteure-betalingperiode | 60 dae | 60 dae |
| Skuld / Ekwiteitsverhouding | 0,1 : 1 | 0,2 : 1 |
| % opbrengs op aandeelhouersbelang | ? | 20,2% |
| % opbrengs op kapitaal aangewend | 29,1% | 29,4% |
| Rentekoers op lenings | 13% | 12% |

**50**

**VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN TWEE MAATSKAPPYE**
**(20 punte; 15 minute)**

Alton Jantjes besit aandele in Lion Bpk. en in Bull Bpk.

Hy het onlangs R130 000 geërf en wil sy belegging in een van hierdie ondernemings vergroot.

**LET WEL:** Beide maatskappye is nie van plan om addisionele aandele uit te reik nie (om die aandelekapitaal te verhoog).

**GEVRA:**

Waar nodig, haal syfers, persentasies en finansiële aanwysers aan om jou antwoorde te motiveer.

4.1 Bereken die aantal aandele wat Alton in Lion Bpk. kan koop. (2)

4.2 **VERWYS NA DIE AANDELEKAPITAAL EN DIE AANDELEPRYSE:**

Alton stel meer belang in die aankoop van die addisionele aandele in Lion Bpk.
Verskaf TWEE redes waarom hy so voel.
Verwys in jou antwoord na 'n vergelyking tussen beide maatskappye. (6)

4.3 **VERWYS NA DIE DPA EN DIE VPA:**

- Alton is tevrede met die DPA by Lion Bpk. Gee EEN rede waarom. (3)
- Verskaf EEN rede vir die dividendbeleid van Bull Bpk. (3)

4.4 Lewer kommentaar op die opbrengs op belegging van beide maatskappye. Verskaf EEN afsonderlike punt vir elke maatskappy. (6)

**INLIGTING:**

Inligting is vir albei maatskappye vir die jaar geëindig 20 Februarie 2020.

| | **LION BPK.** | **BULL BPK.** |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (aantal aandele in uitreik) | 500 000 | 900 000 |
| Aantal aandele wat deur Alton besit word | 240 000 | 460 000 |
| Prys van aandele op die JSE (markprys) | 650 sent | 340 sent |
| Netto batewaarde (NBW) per aandeel | 622 sent | 412 sent |
| Dividende per aandeel (DPA) | 34 sent | 42 sent |
| Verdienste per aandeel (VPA) | 75 sent | 52 sent |
| Gemiddelde opbrengs op aandeelhouersekwiteit (OOAB) | 12,2% (13% in 2019) | 6,7% (9% in 2019) |
| Rentekoers op vaste deposito | 8% (in albei jare) | |

**20**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**Nota:**

* In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou